

**Vrydag 5 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:47**

**Die Heilige Gees laat ons glo en lewe in die geloof**

**B**y die skare wat luister na wat Petrus en die ander sê, sien ons 'n diep begeerte om meer te leer en die regte antwoorde te kry. Dit is mense wat in die verkondiging van die evangelie die waarheid herken en nie net meer daarvoor te wete wil kom nie, maar ook begin glo het.

Ons sien hulle geloof ook in die feit dat hulle volhard in die geloof (vs 42, 46), dat hulle met mekaar deel (vs 45) en God prys (47).

En so, ongetwyfeld, moet ons as gelowiges ook besluit nie net om te glo nie, maar om aan te hou glo. Om te volhard in die geloof en die keuses waarvoor dit ons bring.

Maar ons staan nie daarin alleen nie. In vers 47 hoor ons dat dit die Here is wat daagliks dié wat gered is, by die gemeente gevoeg het.

Daarom, alhoewel ons moet glo dat ons Jesus Christus ons enigste Verlosser is en kan wees en daarom moet volhard in ons geloof en vanuit hierdie geloof moet leef, het ons ook die besondere troos dat die Heilige Gees ons hierin voorgaan en meegaan.

Dit is Hy wat in ons werk om die evangelie vir ons oop te maak en ons daaraan te laat vasgryp. Dit is Hy wat ons geloof versterk en ons vashou wanneer ons swak is sodat ons nie heeltemal weg dwaal nie.

*Sing Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)*